**Skriflesing:** Romeine 8:1-17
**Tema:** Jy kies of jy wil lewe!

**Ons was eens slawe van sonde.**
Wanneer ons in Romeine 8 kyk na ons ou lewe waarin ons slawe van sonde was, staan die woorde dood en vyandskap vir my uit.
Die dinge waarmee die sondige natuur hom besig hou, loop uit op die dood.
En in Romeine 8:7 lees ons dat die sondige natuur nie God se wil kan doen nie. Onder beheer van ons sondige natuur leef ons in vyandskap met God.

Ons leef in vrees vir God se veroordeling, want God se straf op sonde is die ewige dood.

Wat my koue rillings gee, is dat ons hier kan sit as lidmate van die gemeente en onwetend nog ‘n slaaf van sonde kan wees omdat ons nie ‘n persoonlike verhouding met God het nie. Hoe lyk so lewe?
Jy gehoorsaam ‘n klomp reels en regulasies omdat mense dit van jou verwag. Daar is geen vreugde in jou dien van die Here nie.
Jy kyk met hoe min jy kan wegkom in jou betrokkenheid by die gemeente. Jy kla gedurig oor die NG, en gee, NG kerk. Jy gee met ‘n swaar gemoed ‘n kollekte vir die kerk en nie ‘n dankoffer vir die Here nie. En daar is ’n reuse verskil tussen die twee. ‘n Kollekte word op straat opgeneem vir ‘n verdienstelike instansie en ‘n dankoffer vloei uit ‘n dankbare lewe vir God se onverdiende genade in ons lewens.
Jy kyk met hoeveel vuil taal of oneerlikheid jy kan wegkom sonder dat jy gevang word. Jy gedra jou gewoonlik beter wanneer dominee naby is, so asof die dominee God se fluitjieblaser is.
Jy vermy gesprek met en oor God. Vir jou is Hy die onpersoonlike groot man of die man daarbo.
Jy werk, ook in die gemeente, vir ‘n beloning. Jy verwag ten minste ‘n dankie vir alles wat jy doen.
Vrees en angs speel voordurend ‘n rol in jou lewe, want jy aanbid ‘n god wat fout soek en pakslae uitdeel. Jy verwag straf. Elke valse boodskap of berig wat straf aankondig, keer jou lewe onderstebo.
Wanneer jy nie in ‘n lewende verhouding met die Here staan nie, word dit gewoonlik eerste sigbaar in jou verhouding met ander mense.

**Maar is ons nie langer slawe van sonde nie, ons is kinders van God.**

God, die Vader, Seun en Heilige Gees het ons gekies. Jesus Christus het gekom ons van hierdie sondeslawerny te kom bevry. Die Heilige Gees maak sy vergifnis en verlossing ‘n werklikheid in ons lewens.

Maar dit is ons keuse of ons dit wil aanvaar of nie. Elke mens kies of hy of sy wil lewe. Hoe lyk hierdie keuse wat ons elke dag moet maak?

Ons word vanoggend weer opgeroep om ons deur die Gees te laat beheers of te laat lei. (Rom 8:4,5,14)
In Rom 8:13b staan in die Boodskap: “Maar as julle toelaat dat die Heilige Gees met julle sondige dade afreken, sal julle vir altyd saam met God lewe.” Ons moet toelaat dat God sy nuwe lewe in ons werk.

Ons moet altyd onthou dat God nie in die herstel besigheid is nie. Hy sit nie net ‘n nuwe lagie verf oor ons ou sondige lewens nie. Met ons instemming, begin Hy altyd met ons voor en oor. Hy breek die ou sondige mens af en herbou ons lewens nuut.

Ek het reeds gesê dat ‘n lewe onder beheer van ons sondige natuur gekenmerk word deur dood en vyandskap. In ‘n kind van God se lewe staan die woorde “lewe en verhouding” vir my uit.

Dit is die Gees wat nuwe lewe bring. Dit weerklink soos ‘n refrein in Romeine 8:6, 10 en 11.

Wanneer ek kies vir hierdie nuwe lewe, hoef ek nooit weer wakker te lê omdat ek skuldig voel oor my sonde nie. Ja, ons is vir solank ons op aarde is steeds in stryd teen sonde, maar die Here spreek ons vry van sonde en staan ons in hierdie stryd by.

Die wet vra van ons om God en alle mense lief te hê. Omdat Gees in beheer is van ons lewens, kan ons doen wat die wet van ons vra. Liefde is immers die eerste deel van die vrug wat die Heilige Gees in ons werk.

Die Gees werk ook in ons vrede en geloofsekerheid.

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, staan in ‘n nuwe verhouding met God. (Rom 8:14)
Gees maak ons tot kinders van God. (Rom 8:15)
Die Gees laat ons tot God roep “Abba!” Jesus het sy Vader in gebed aangespreek as “Abba” in die tuin van Getsemane. (Mark 14:36) Dit is ‘n Woord gevul met warmte, innigheid en vertroulikheid. Dit is so kosbaar dat dit nie uit Aramees vertaal is nie. Hy is nie die groot man, die man daarbo of die man daar ver nie, Hy is my hemelse Pa. Daar is ‘n onbreekbare liefdesband tussen ons en ons God.

Volgens die Joodse reg van die tyd, het ‘n saak vas gestaan wanneer twee getuies dit bevestig. Die Heilige Gees getuig saam met ons gees, dat ons kinders van God is. (Rom 8:16) Wat ‘n voorreg is dit nie! Dit is verseker waar. Dit staan verseker vas. Ons is koningskinders van die Koning van konings en Heerser van heersers.

En ons lees in Romeine 8:17 dat, omdat ons sy kinders is, is ons ook sy erfgename. Ons erf saam met Christus alles wat God beloof het. Ons erf swaarkry en die heerlikheid van sy nuwe wêreld.
Terwyl ons nog hier is, ervaar ons iets van die swaarkry wat Christus beleef het toe Hy nog op aarde was. Maar ons weet dat as ons nie net saam met Hom sal swaarkry nie, ons sal ook saam met Hom in heerlikheid in God se nuwe wêreld bly. Vanuit hierdie intieme verhouding met God, is ons nie bang vir die dood nie. Ons weet dat ons sterfdag die dag is wanneer Christus ons kom haal na sy Vaderhuis.

**Ek sluit af:**
Al sou Christus ‘n duisend maal in Bethlehem gebore word, maar jy kies nie dat dit ook in jou gebeur nie, dan mis jy sy nuwe lewe deur die Heilige Gees.
Al sou Christus ‘n duisend maal aan die kruis op Golgota sterf en jy kies nie dat jou sondige natuur saam met Hom sterf nie, dan bly jy sy vyand.
Al sou Christus ‘n duisend maal uit die graf opstaan en jy kies nie om saam met Hom op te staan en nuut te lewe nie, dan mis jy ‘n ewige lewende verhouding met Hom.
Jy kies of jy wil lewe!
Amen